

# TLU SA MANIFES

1.

Ek bevestig Artikel 2 van **TLU SA** se Grondwet waarvolgens ek onderneem om my lewe te lei in ooreenstemming met die **Bybel** as die enigste Woord van God-Drie-Enig en 'n maatstaf van my **Christelike geloof**.

2.

Ek is bewus van die waarde en invloed wat die **Christelike leer** op die vorming van my **kulturele erfenis** gehad het.

3.

Ek is trots op my beroep as **landbouer** en die geleentheid wat ek gegun word om **God se Skepping** te bewerk.

4.

Ek **aanvaar** in nederigheid die rentmeesterskap van my grond en aanvaar die verantwoordelikheid om die bodem, fauna en flora, en al die beskikbare hulpbronne doeltreffend te **bewaar** en met respek te bestuur as **erfenis** vir die nageslagte.

5.

Ek **vereenselwig** my met **TLU SA** se standpunt dat die toepassing van **vryemarkbeginsels** met minimum staatsinmenging in die ekonomie, en gewaarborgde privaat besitreg, die hoeksteen vorm van groei. Dit bied die enigste volhoubare kans vir werkskepping, armoedeverligting en **vooruitgang** vir Suid-Afrika.

6.

Ek is **trots** op die unieke identiteit, afkoms en historiese grondslag van **TLU SA** en sal my beywer om die **waardes** wat die organisasie gevorm het te **respekteer** en te beskerm. Ek sal ook ander landbou-organisasies se identiteit respekteer.

7.

Die versterking en bemagtiging van **TLU SA** is vir my 'n **prioriteit**. Ek sal daarna streef om tot voordeel van die landboubedryf en my mede-boere **TLU SA** se goeie beeld te **beskerm** en uit te bou.

8.

Ek is **trots** daarop om as verskaffer van voedsel en vesel 'n **bydrae** tot die welstand van die totale bevolking en die land se **ekonomie** te lewer.

9.

Ek sal as landbouer my **beywer** vir die ontwikkeling van **kommersiële** landbou en sodoende bydra tot die erkenning van die sektor as 'n **selfstandige entiteit** met 'n regmatige plek as belangrike komponent in die groter ekonomie.

10.

Ek sal my deur **TLU SA** beywer om nie slegs in die landbougemeenskap 'n **positiewe** bydrae te lewer nie, maar ook om die **landbougemeenskap** te **stabiliseer**.

11.

Ek **respekteer** en onderwerp my aan die **reëls** en **regulasies** van **TLU SA** soos in die Grondwet vervat.

12.

Ek onderneem om my **finansiële verpligtinge** as lid getrou na te kom.

13.

Ek is **trots** op **TLU SA** as die **Vesting vir die Boer** en onderneem om vanuit dié vesting eenheid met mede-landbouers na te streef in die **vervulling** van my **Godgegewe roeping**.